

**23 Maart**

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 30**

**Fokusgedeelte: 1 Samuel 30:6**

### **By God is daar hulp**

Ons ken Dawid as die skaapherderseun wat die reus Goliat met 'n slingervel verslaan het, as die psalmdigter en as die jongman wat deur God tot koning gesalf is.

Dawid was egter ook 'n groot sondaar. Kenmerkend van hom was sy voorliefde vir leuens. Op 'n keer het sy leuen oor die toonbrode uit die heiligdom vyf en tagtig priesters se leuens gekos! Om nie te praat van die bedrog waarmee hy Uria laat vermoor het om Batseba as vrou te verkry nie! Toe hy vir die soveelste keer van Saul weggevlug het en onder die Filistyne in Siklag gaan woon het, het hy met sy slinkse leuens elke keer by Akis weggekom (vergelyk 1 Sam 27 en 29). Uiteindelik bevind hy hom tussen die murasies van Siklag nadat die Amelekiete die stad aangeval het. Dit het Dawid, verstrengel in sy eie netwerk van bedrog en van hom 'n gebroke man gemaak. Die selfverwyt oor sy sonde het hom verteer. Sy eie manne het grootliks bygedra tot sy nood.

Nogtans, al het die Amelekiete hom van alles beroof, kon hulle hom nie van sy God beroof nie. Hy kon wel nie meer sê nie: "My vrou, my huis, my besittings," maar hy kon steeds sê: "My God."

Soms beland ons ook op die puinhoop van angs. Daardeer wil God ons tot stilstand bring om ons die Siklags op ons lewenspad te laat verstaan en sodat ons in ons benoudheid by God alleen om hulp sal gaan soek. God red altyd mense wat in hulle nood by Hom hulp vra.

Agter elke Dawid in sielenood verrys die gestalte van Jesus Christus, die sondelose Seun van Dawid. Getsemané se doodsbenoudheid, Golgota se hellesmart – dit was Christus se Siklag. Ter wille van ons het Hy tevergeefs geroep: "My God, my God ..."  
Dieselfde geheim van Dawid se verlossing uit die benoudheid van Siklag is vandag nog die geheim van jou krag: die gebed!

Voel jy benoud, in nood, vasgevang in jou Siklag? Moenie bang wees nie. Vlug tot God. Hy is 'n toevlug in die nood, 'n rots wat altyd vas bly staan. Bid tot Hom. Bid en glo!

*Sing: Psalm 116:1,2,5 Dr DR Fouché (Emeritus)*